# AKSYNSREGTE EN HEFFINGS

## Wat is nuut?

- **29 Maart 2018 - Styging in die ad valorem aksynsregtekoers**

  Die brief wat die styging in die ad valorem aksynsregtekoers is gepubliseer.

- **1 April 2018 - Belasting op Suikerversoetekoeldranke inwerkingstelling**

  Die Belasting op Suikerversoetekoeldranke (SBL) is 'n nuwe gesondheidsbevorderingsheffing ter ondersteuning van die Departement van Gesondheid se lewerings om suikersiekte, vetsug en ander verwante siektes in Suid-Afrika te laat afneem. SBL is deur die minister van finansies aangekondig in die Februarie 2016 Nasionale Begroting en is deel van die Tariewe en Monetêre Bedrae en Wysiging van Wetsontwerp op Inkomstewette, 2017. SBL sal deur SARS geadministreer en ingevorder word. SBL sal vanaf 1 April 2018 in werking tree. Vir meer inligting, verwys na ons SBL-webblad.

- **21 Februarie 2018 - Begroting 2018 se aankondiging oor styging in heffings**

  - Meer inligting oor die verhoogde aksynsregte op tabak en alkohol, soos in die 2018 Begroting aangekondig, beskikbaar gestel word.
  - Verhoogde omgewingsbelasting op plastieksakke, gloeilampe en voertuiguitlaatgasse en die nuwe gesondheidsbevorderingsheffing op suikerversoete-koeldranke neem aanvang op 1 April 2018 soos in die 2018 begroting aangekondig.

## Wat is dit?

Aksynsregte en -heffings word meesal op hoë-volume daaglikse verbruikersprodukte (bv. brandstof-, alkoholiese- en tabakprodukte) gehef, asook bepaalde nie-noodsaaklike of luukse items (bv. elektroniese toerusting en kosmetiese ware).

Die primêre doel van hierdie regte en heffings is om 'n volgehoue inkomstestroom vir die staat te verseker, en die verbruik van bepaalde skadelike produkte te ontmoedig as sekondêre doel.

Bykomend tot regte en heffings, het ons ook die dieselterugbetalingstelsel vir kwalifiserende entiteite.

Die inkomste wat deur hierdie regte en heffings gegenereer word, beloop nagenoeg tien persent van die total inkomste deur SARS ontvang.

## Op wie is dit van toepassing?

Aksynsregte is betaalbaar deur vervaardigers van die volgende produkte en word gehef regdeur die Suider-Afrikaanse Doeane Unie (SACU), wat uit die Republiek van Suid-Afrika, die Republiek van Botswana, die Koninkryk van Lesotho, die Republiek van Namibië en die Koninkryk van Swaziland:

- Alkoholiese en tabakprodukte
  - Moutbier
  - Tradisionele Afrika bier
  - Sterk drank produkte
  - Wyn, vermoet en ander gegiste drank
  - Tabakprodukte
- Brandstof- / petroleumprodukte
- Ad Valorem produkte

Aksynsregte word, of kan afsonderlik gehef word op verskillende produkte deur elk van die individuele SACU-ledestate; in Suid-Afrika tans op die volgende produkte:

- Brandstofheffing en Padongelukkefonds (RAF) se heffing op brandstof-/petroleumprodukte
- Omgewingsheffingprodukte
  - Bepaalde soorte plastieksakke
  - Opwek van elektrisiteit deur middel van nie-hernubare of omgewingsgevaarlike brandstowwe (bv. steenkool, gas, kern)

- Nie-energiesparende gloeilampe
- Voertuig koolstofdioksied (CO2) uitlaatgasvlakke
- Bande

**Vir 'n volledige lys van aksynsdokumente, blaai af tot by 'Top Publications' en 'Top Forms' of klik hier.**

## WATTER STAPPE MOET EK NEEM?

Verwante entiteite in die RSA moet by SARS Aksyns gelisensieerd wees voordat hulle begin vervaardig of enigsins met enige van hierdie produkte handel dryf waarop die toepaslike aksynsregte en/of -heffing nie betaal is nie.

## HOE EN WANNEER MOET DIT BETAAL WORD?

Hierdie regte en heffings word deur die kliënt self aangeslaan per periodiese aksynsopgawe en, afhangende van die produk, aan SARS oorbetaal op 'n maandelikse of kwartaallikse basis.